die noodwendige vrug van 'n wedergebore hart. Eweseer is 'n lewe van gehoorsame en volhardende toewyding aan Christus 'n uitvloeisel van 'n wedergebore hart.

- Natuurlik kan 'n gelowige ernstig in sonde val. Maar hy kan nie daarin bly lê nie; hy kan hom nie daaraan oorgee nie. *'n Christen word geken - nie daaraan dat hy nie kan val nie, maar dat hy nie kan bly lê nie.*

## DIE VOORTGAANDE HOËPRIESTERLIKE WERK VAN CHRISTUS: SY HEMELSE VOORSPRAAK

❑ Hb 7:21, 24 beklemtoon die *ewige* aard van Christus se hoëpriesterskap. En 8:1 noem Hom wat "aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel" sit, steeds die Hoëpriester. Duidelik is hierdie aspek van Sy werk dus voortgaande en ewig. Die Nuwe Testament het nie baie besonderhede hieroor nie, maar genoeg om ons elke dag te bemoedig en lewenslank te troos.

❑ *Hb 9:24b verseker ons dat* Hy *in die hemel* self ingegaan het *om nou ter wille van ons voor God te verskyn.* Hb 7:25 sê Hy lewe vir altyd om vir die gelowiges *by God in te tree.* Hb 2:17-18 en 4:14-16 bemoedig ons om in getrouheid en gebed te volhard - *omdat ons (nou) 'n Hoëpriester vol medelye het.*

*Hierdie aspek van Christus se Hoëpriesterlike bediening, word Sy voorspraak* genoem.

❑ Die Ou Testamentiese wortels van hierdie heerlike waarheid is baie betekenisvol. Eks 28:9-30 (vgl. ook Eks 39) toon dat die Ou Testamentiese hoëpriesters met twee stene op die skouers, en twaalf op die bors, voor God verskyn het. Op elkeen van hierdie twee stelle stene is die name van die twaalf stamme van Israel gegrafeer. *So is die stamme se name dan in die teenwoordigheid van die Here ingedra om Hom aan hulle te herinner* (28:12, 29, 30).

Duidelik sinspeel die Hebreërskrywer hierop as hy sê dat Christus "ter wille van ons voor God verskyn" (9:24). Hy dra as 't ware diegene wat deur die geloof met Hom verenig is op Sy sterk skouers en





liefdevolle hart weer en weer tot reg voor die Vader se genadetroon - om Hom aan hulle te herinner, dit is, om vir hulle by Hom in te tree.

❑ Die Nuwe Testament in die algemeen, en Hebreërs in die besonder, dui op twee gerigthede in Christus se voorspraak.

- Dit is gerig op die *instandhouding en bewaring* van Sy geliefdes in 'n bose en vyandige wêreld.

~ Hb 2:17-18 en 4:14-16 is veral betekenisvol in hierdie verband. Die Here se voorspraak geskied in diepe meegevoel en solidariteit met diegene wat aan Hom behoort, aangesien Hy in Sy vernederde staat ook deur swaarkry, vervolging en versoeking moes gaan. Een van die redes waarom Hy moes mens word en 'n tydlank op aarde tussen mense leef, was om Hom voor te berei vir hierdie voortgaande bediening.

Hierin lê wonderlike troos vir die Christen-pelgrim: *ons het 'n simpatieke verteenwoordiger in die hemelse troonkamer.* As Hy oor die afsterwe van Lasarus gehuil het, sal Hy klinies-afsydig staan as ek op my sterfbed worstel?

Laat ons nooit vergeet nie: Sy bewarende meegevoel is almagtig (1Jh 5:18), en Sy voorbidding absoluut effektief (Jh 11:42).

~ In Rm 8:31-39 jubel Paulus dat diegene wat met Christus deur die geloof verenig is, nooit van Sy liefde geskei kan word nie. En een van die redes daarvoor is die feit dat Christus by God vir hulle pleit (v.34).

~ In 1Jh 1:8-2:2 moedig die apostel gelowiges aan om vasbeslote teen sonde te stry, maar om ook met vrymoedigheid om vergiffenis te bid wanneer hulle voor sonde sou swig - omdat hulle in Christus 'n *voorspraak* by die Vader het.

*Hy tree dus nie net vir ons in as ons met lyding, versoekinge en vyandskap worstel nie, maar ook wanneer ons in hierdie stryd misluk het.*

~ 'n Voorbeeld van sulke voorbidding word in Lk 22:31-32 beskryf. Voor Petrus se val bid die Here dat sy geloof hom nie sal

begewe nie, en dat hy na sy inkeer 'n sinvolle bediening sal hê. Let wel, Jesus het nie gebid dat Petrus nie moet val nie (dit was oënskynlik baie nodig vir sy heiligmaking), maar dat hy *nie moet bly lê nie.* Let verder op dat Hy kennelik nie vir Judas Iskariot gebid het nie.

• Christus se voorspraak is ook gerig op die *voltooiing en vervolmaking van ons verlossing* - ons wat deur die Vader aan Hom toevertrou is.

~ Hb 7:24-25 kan op twee maniere vertaal word (sien NIV voetnota), maar die OAV en NIV se keuse pas waarskynlik beter in die konteks. Daar sit beweging in die Grieks: Hy red diegene wat deur Hom na God gaan, *in volkomenheid in.* En Hy doen dit as Priester wat vir altyd leef om vir hulle by God in te tree.

~ Die verlossing van 'n sondaar is 'n *proses* en die Nuwe Testament praat daarvan *in 3 tye.* Ons is gered (verlede tyd: Luk 7:50; Ef 2:5, 8); ons word gered (teenwoordige tyd: 1Kor 1:18; 2Kor 2:15); ons sal gered word (toekomstige tyd: Rm 13:11; 1Pt 1:5). Hierdie proses word voortgestu deur die voorspraak van ons hemelse Hoëpriester.

~ Die Here was baie bewus daarvan dat die uitverkorenes as rentmeesterskap deur die Vader aan Hom gegee is - met die verantwoordelikheid om alles te doen wat vir hulle redding en herskepping nodig sou wees. En laat ons verseker wees, voordat nie een en elkeen van hulle uit die dood opgewek is nie, sal die reddende fase van Sy hoëpriesterlike werk nie afgehandel wees nie (Jh 6:38-40, 44, 54; 10:25-30).

~ Die aand voor Sy kruisiging belowe die Here Jesus dat Hy Sy dissipels nie as weeskinders sal agterlaat nie, maar *dat Hy die Vader sal vra* om na Sy vertrek 'n *ander Voorspraak* vir hulle te stuur (Jh 14:16-18). Die antwoord op hierdie gebed vind op die Pinksterdag plaas met die uitstorting van die Heilige Gees - nadat die verheerlikte en verhoogde Christus die Belofte, waarop eeue gewag is, van die Vader ontvang het (Hd 2:33). En sonder die daaropvolgende werk van die Gees is die voortgang en volvoering van die verlossingsplan





ondenkbaar.

❑ Jh 17 is uiteraard die mees aangrypende en omvangryke voorbeeld van die Here se opgetekende gebede. Let op enkele punte:

• Hy bid nie vir die wêreld nie, maar net vir diegene wat die Vader vir Hom gegee het (v. 2, 6, 9, 24).

• Hy bid onder andere vir hulle bewaring in 'n bose omgewing (v. 11-12, 14-16), vir hulle onderlinge eenheid (v.21-23), en vir hulle uiteindelike verheerliking (v.24).

• Hy bid spesifiek hierdie gebed terwyl Sy dissipels nog by Hom is - sodat hulle Sy blydskap in al le volheid in hulle kan hê (v.13). Dit is so bedoel: nie net hulle nie, maar ook ons moet ons in die Here Jesus se voorspraak verlustig en weer en weer troos daaruit put.

❑ Dis duidelik dat Christus se voorspraak alles te doen het met *die volharding van die heiliges.* Alle gelowiges weet: daar is geen redding sonder Sy dood nie. Te min besef: *daar is geen redding sonder Sy lewe nie!*

## DIE VERSKRIKLIKE MOONTLIKHEID VAN GELOOFSVERSAKING

❑ Die Hebreërbrief word geskryf aan Joodse Christene wat begin moeg word in die geloofswedloop en oorweeg om na Ou Testamentiese godsdiens terug te keer. Die skrywer probeer met alles waaroor hy beskik om hulle van sulke dwase, fatale geloofsversaking te laat afsien.

In die proses rig hy vyf baie, baie ernstige pastorale waarskuwings teen geloofsversaking: 2:1-4; 3:7-4:13; 5:11-6:12; 10:26-39 en 12:14-29.

### 'n Nadere kyk na Hb 5:11-6:12

❑ Van die Hebreërs loop gevaar om geloofskipbreuk te ly. Daarom moet nou reguit gepraat word. Hulle het wonderlike genadewerkinge van die Here beleef en sal geen verskoning hê as hulle die geloof

versaak nie.

❑ Daar word baie gemaak van die lesers se kennis van die waarheid. Ja, 6:4-5 word van denkbeeldige mense gesê. Maar dit sinspeel op die Hebreërs se belewinge. Oor en oor het hulle onweerlegbare getuienis oor Christus ontvang.

Vyf belewinge word in 6:4-5 genoem: hulle het op 'n stadium innerlike verligting ontvang, die hemelse gawe geproe, deel gekry aan die Heilige Gees, die goeie woord van God geproe en die kragte van die toekomstige wêreld geproe (lett.).

❑ Sou hulle egter terugdraai na die Joodse geloof, sal dit 'n verwerping van Christus wees. Dan sal dit onmoontlik wees om weer tot bekering te kom.

❑ *Die sonde waarteen hier gewaarsku word, is bewustelike en berekende verwerping van waarheidsgetuienis oor Jesus Christus - wat oor 'n tydperk om jou en in jou eie lewe onweerlegbaar was en ook duidelik deur die Gees in jou hart bevestig is.*

Dis bes moontlik dieselfde sonde waarvan in Mt 12:31-32; Mk 3:28-30; Lk 12:10; 1Jh 5:16-17 en 2Pt 2:20-22 gepraat word.

## Wat van die heiliges se volharding?

❑ Wat die skrywer hier sê maak sin. As mense na sulke belewinge van die Here se genade Hom die rug toekeer, verdien hulle om verwerp te word.

Die probleem kom in as ons dit wat hier geskryf is, vergelyk met ander waarhede wat elders in God se Woord sterk beklemtoon word - waarhede waarna ons reeds in hierdie hoofstuk gekyk het. *Wat van die Here se versekering dat Hy ons sal vergewe as ons ná sonde in verootmoediging en belydenis na Hom toe terugkom? En wat van die Bybel se lering dat die Here diegene wat aan Hom behoort enduit vashou?*

❑ Dis alles waar! *Maar die Hebreërskrywer dink nié aan mense wat die geloof versaak as wedergebore nie.* Verse 7-8 is 'n kort gelykenis wat aan die voorafgaande met "want" (OAV) verbind word. Dit bied dus





'n verduideliking daarvoor.

Die reën wat gereeld val, is 'n beeld in die Bybel vir God se seën. Hier dui dit op die ervaringe in v.4-5. Maar reën val op alle soorte grond. En solank die grond nog kaal is, weet mens nie wat daar gaan opkom nie - bruikbare gewasse of onkruid.

Die verskil lê dus nie in die reën wat val nie, maar in die soort grond. Mense wat na sulke ervaringe die geloof versaak, bring onkruid voort. *Dis wat ná die Here se goedheid volg, wat die gesteldheid van 'n mens se hart uitwys.*

❑ Die Bybel beklemtoon dat daar 'n onverbreekbare verband tussen hart en uitlewing is. Die punt van hierdie gelykenis is dit: *geloofsversaking is eenvoudig die bewys dat die hart nog nooit herskep is nie.*

Hb 6:9-12 bevestig ons slotsom. Die skrywer glo, ten spyte van sy waarskuwings, dat sy lesers wel gered is en gevolglik die geloof nie sal versaak nie: "... geliefdes, ons is aangaande julle van beter dinge oortuig ..." (OAV). Wat is die "beter dinge"?

Verse 10-12 begin weer met "want" (OAV) en verduidelik dus v.9. Die "beter dinge" is die lesers se liefde (10), hoop (11) en geloof (12).

Beter as wat is dit? Beter as die belewinge van v.4-5! Waarom? Omdat dit "saamhang met die saligheid" (v.9b, OAV). Die merktekens van ware redding - die enigste betroubare merktekens - is dus al lankal onmiskenbaar duidelik in hulle!

## Kan ongeredde mense dit ervaar?

❑ Onmiddellik ontstaan daar nou 'n nuwe vraag. *Is dit enigsins moontlik dat onwedergebore mense die belewinge van Hb 6:4-5 kan hê?*

Inderdaad! Dink aan die res van die Skrif. Dink aan 'n Saul en 'n Bileam - die klassieke dwaalleraar volgens die Nuwe Testament (Num 24:15-19; 31:8, 16; 2Pt 2:15-16; Jud 11; Op 2:14). En dink aan 'n Judas Iskariot, 'n Simon die Towenaar; 'n Demas. Het hulle nie almal die Heilige Gees se werk proefondervindelik geken nie?

Wanneer mens se oë hiervoor oopgaan, is dit skokkend om in die Skrif te sien tot watter mate die Heilige Gees in en deur mense kan werk - alles *duskant* die wedergeboorte (vgl. Mt 7:21-23). NB!

❑ Die vermaarde teoloog en onbetwisbaar Godgesentreerde Prof. John Murray skryf: "Die Skrif self leer ons dus dat dit moontlik is om 'n opwindende, lewensveranderende, veredelende ervaring van die krag en waarheid van die evangelie te hê - sonder om werklik saligmakende geloof te hê. Dit is moontlik om so naby te kom aan die bonatuurlike kragte wat in God se koninkryk van genade werksaam is, dat dit effekte op jou het wat beswaarlik onderskeibaar is van dit wat God se wederbarende en heiligmakende genade voortbring - sonder om 'n deelgenoot van Christus en 'n erfgenaam van die ewige lewe te wees.

'n Leerstuk van volharding wat nie deeglik rekening hou met die moontlikheid en realiteit van sulke gevalle nie, moedig 'n laksheid aan wat volharding alles behalwe bevorder. Trouens, dit is *hoegenaamd nie* die Bybelse leer van die volharding van die heiliges nie." [15]

## Wat is hierdie sonde dan?

❑ Ons moet die *aard van hierdie sonde baie* goed verstaan. Want baie opregte Christene word gefolter deur die misplaasde vermoede dat hulle skuldig is daaraan. Aan die ander kant glo duisende mense dat hulle finaal gered is *as hulle eenmaal 'n sondaarsgebed* gebid het. Hulle maak van "eenmaal gered, altyd gered" 'n vrypas hemel toe - ongeag hoe hulle ook al ná hulle "bekering" mag lewe.

❑ Die onvergeeflike sonde het drie fokuspunte:

Eerstens word hierdie sonde gepleeg deur mense wat diep in hulle harte waarlik weet dat Christus presies is wat die evangelie van Hom getuig. Hulle het rondom hulle onbetwisbare bewyse daarvan gesien. En innerlik het hulle 'n diep oortuigingswerk van die Gees daaroor ervaar. Meestal het hulle ook die Here se genadewerkinge in 'n lewende gemeente beleef.

Tweedens word hierdie sonde gepleeg deur mense wat, ten spyte van die Gees se bemoeienis in hulle verlede, Christus willens en wetens verwerp.

Derdens is dit onmoontlik om so 'n persoon weer tot bekering te

15. John Murray, *Redemption, Accomplished and Applied*; Banner of Truth Trust; 1979; p.153.





bring. Sondevergiffenis is nie meer moontlik nie. Dit loop noodwendig uit op God se verskriklike oordele. Die Skrif bedoel nie dat dit vir die Gees onmoontlik is om so 'n persoon tot inkeer te bring nie. Maar diegene wat hom of haar probeer bearbei, vind dat hulle niks uitrig nie. Waarom? Die Here gee eenvoudig nie die nodige bekeringsgenade nie. Gevolglik het so 'n persoon geen begeerte na redding nie.

Wat dan van Esau wat onder trane begeer het om sy dwaasheid reg te stel (Hb 12:17)? Dit was nie egte berou nie, maar bloot hartseer oor die seën wat hy deur sy vingers laat glip het.

## Wat is hierdie sonde dus nie?

❑ Hierdie sonde word nie onbewustelik gepleeg nie. In Lk 23:34 bid Jesus, "Vader, vergeef hulle, *want hulle weet nie wat hulle doen nie.*" In 1Tm 1:13 skryf Paulus dat die Here hom in Sy diens gestel het, "al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig ... *omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek gedoen het nie.*"

❑ Mense wat opreg begeer na vrede met God en sekerheid van saligheid, het vir seker nie hierdie sonde gepleeg nie. Nee, hierdie sonde lei tot 'n hardheid van hart en 'n ongeërgdheid oor die Here.

❑ Mense wat die evangelie hoor - selfs herhaaldelik en duidelik - maar Christus steeds nie aanneem nie, het nie sonder meer hierdie sonde gepleeg nie. Natuurlik leef diesulkes in sonde, maar as hulle nie 'n diep oortuigingswerk van die Gees ervaar het nie, is hulle nie aan hierdie sonde skuldig nie. Laat elkeen wat Christus tot nou toe verwerp het en bang is dat hy hierdie sonde gepleeg het, homself waarlik bekeer - en Hy sal sekerlik vind dat die Here hom aanneem.

❑ Mense wat in ongeloof, onkunde en dwaasheid onverantwoordelike, selfs lasterlike dinge teen die Gees gesê het, *het verskriklik gesondig* - maar dis nie die onvergeeflike sonde nie.

❑ Die Skrif waarsku dat ons met ons sonde die Heilige Gees bedroef (Ef 4:30), en dat ons Sy werk in ons midde kan uitblus (1Ts 5:19, OAV). Beide waarskuwings moet baie ernstig opgeneem word - maar ook dit

is nie die onvergeetlike sonde nie.

**Slotsom**

❑ Volgens die Skrif is dit 'n verskriklike moontlikheid om vir 'n lang tyd in die kring van die gemeente, en dus in die sfeer van God se genadewerkinge te beweeg - en tog uiteindelik vals blyk te wees. Dis waarom Johannes kan praat van mense wat eens in die gemeente was, maar hulle dan afgeskei het, omdat hulle nooit werklik deel van Christus se liggaam was nie (1Jh 2:19). Dis waarom Paulus gelowiges oproep om hulleself op die proef te stel of hulle in die geloof is (2Kor 13:5, OAV).

**WAT IS DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES DAN?**

❑ Volharding van die heiliges is 'n heerlike Bybelse waarheid. Maar dan moet dit reg verstaan word: *diegene wat God lewendmakend geroep het en vir Homself geheilig, oftewel afgesonder het, sal Hy bekragtig om as nuwe skepsele (2Kor 5:17) heilig te volhard tot hulle laaste asemteug toe.*

En 'n heilige lewe het maar één watermerk van egtheid: *gehoorsaamheid aan God se Woord, vanuit 'n hart vol geloof in Christus, en gedring deur 'n hartstog vir Sy eer.*

❑ Die apostel Paulus verwys weer en weer na sy geloofswedloop. Kennelik was hy intens bewus daarvan (1Kor 9:24-27; Fl 3:13-14; 2Tm 4:6-8).

❑ Kom ons kyk ten slotte na twee betekenisvolle Skrifuitsprake oor die volharding van die heiliges.

1 • Dis hulle wat "... in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid ..." (1Pt 1:5). Ten minste 4 dinge kom hier na die oppervlak:

~ Hulle word *vasgehou*. Ten diepste hang hulle volharding nie van hulle eie prestasie, inspanning en getrouheid af nie.





~ Hulle word deur die *krag van God* vasgehou. Dis waarom die Here Jesus die versekering kon gee dat niks Sy skape uit Sy of Sy Vader se hand kan ruk nie (Jh 10:28-30). Dis waarom niks hulle van die Here se liefde kan skei nie (Rm 8).

~ Hulle word *deur geloof* vasgehou. Hierdie geloof, in sy volle Nuwe Testamentiese diepgang, omvang en implikasies, is die geut waardeur God se instandhoudingsgenade in 'n mens invloei. Volharding en geloof staan dus in direkte verband met mekaar. Tot die mate wat geloof opdroog, tot daardie mate verstar volharding; en as daar nie meer geloof is nie, versaak die persoon sy wedloop.

~ Hulle word vasgehou *totdat die saligheid geopenbaar word.* Dis dus ononderbroke en lewenslank.

2 • Dis hulle wat deur die Seun van God bewaar word, sodat die duiwel geen houvas op hulle het nie (1Jh 5:18, NAV).

~ "Bewaar" beteken in Grieks om *sorgvuldig op te pas en te beskerm*. Die Vader het Sy uitverkorenes immers vir tyd en ewigheid aan Sy Seun toevertrou. Aan hierdie rentmeesterskap sal Hy onfeilbaar getrou bly. En Hy kán, omdat Hy nie net mens is nie, maar ook volkome God.

~ Die "houvas" wat die duiwel op die kind van God wil kry, dui op 'n *vasgryp met die doel om leed te berokken.*

~ Die bewaring van iemand wat "uit God gebore is" (lett.), het grootliks te doen met bewaring van *sonde*.

# SLOTSOM[16]

## Die noodsaak van Godgesentreerdheid

16. In hierdie hoofstuk maak ek sterk gebruik van J.I. Packer se skitterende voorwoord tot John Owen se boek, *The Death of Death in the Death of Christ*.





God se genade vir sondaars kan in drie woorde saamgevat word: *God red sondaars!* Dis die ekstrak van alles wat ons tot nou toe behandel het. Dis die evangelie.

❑ As daar een ding is wat die Bybel leer, dan is dit dat sondaars *nie* hulleself kan red nie; trouens, dat diegene wat wel gered word, ten diepste nie 'n greintjie daartoe bydrae nie. Verlossing is van die Here - volledig, oor die volle spektrum daarvan, in die verlede, in die hede en in die toekoms. "Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen." (Rm 11:36). Dit is die apostel Paulus se slotsom as hy die leerstellige gedeelte van sy brief aan die Romeine afsluit.

- In die redding van uitverkore sondaars werk die *Drie-enige God*, Vader, Seun en Heilige Gees in soewereine wysheid, krag en liefde saam. Die Vader verkies, die Seun vervul die Vader se wil deur te verlos, die Heilige Gees verwerklik die Vader en die Seun se doel deur te roep, te wederbaar en heiligmakend te begelei.

- As God sondaars *red*, doen Hy alles, van A tot Z, wat nodig is om hulle vanuit 'n toestand van geestelike dood onder Sy toorn oor te bring tot ewige, welgeluksalige gemeenskap met Hom. Hy beplan dit, lê die basis daarvoor, verwerklik dit. Hy wederbaar en bewaar. Hy verklaar regverdig, maak heilig en verheerlik.

- Dis *sondaars* wat gered word. Dis mense wat skuldig, moreel vuil, hulpeloos, kragteloos en geestelik blind is - mense wat nie 'n vinger kan lig om God se wil te doen, of om hulle geestelike lot te verander nie.

❑ Niemand moet die diepgaande en wesentlike verskille tussen Godgesentreerde en mensgesentreerde, teologie en praktyke onderskat nie[17].

17. Eersgenoemde is ondermeer die geloof van die kerkvader Augustinus, die sestiende eeuse Reformasie, die Puriteine, hulle navolgers (waaronder van die bekendste teoloë, predikers, evangeliste en sendelinge van die afgelope eeue) en feitlik al die groot belydenisskrifte. En enigeen met 'n behoorlike insig in die Woord, sal weet dat dit ook

• Die mensgesentreerde sê, "Ek het my uitverkiesing aan my geloof te danke." Die Godgesentreerde sê, "Ek het my geloof aan my uitverkiesing te danke."

• Die mensgesentreerde wil en kan niks meer sê nie as, "Sonder Golgota sou ek nie gered kon word nie." Die Godgesentreerde sê, "Christus het my eens en vir altyd op Golgota gered." In eersgenoemde geval word die kruis bloot as 'n noodsaaklike voorvereiste vir redding gesien; in laasgenoemde geval as die werklike loskoop van sondaars.

~ Vir die mensgesentreerde is die kruisiging dus net die daarstelling van die moontlikheid tot redding, sonder om die redding van enigeen te verseker. Of iemand uiteindelik gered gaan word, hang van mense se gewilligheid daartoe af. Dit impliseer, in elk geval in beginsel, die moontlikheid van *'n tevergeefse Golgota*.

~ Nee, 'n duisend maal nee! Die kruis se reddende krag hang *nie ten diepste van mense se respons af nie*. Ja, hulle moet en sal glo en hulle bekeer. Maar dis 'n noodwendige uitvloeisel van God se reddende inisiatief. God se genade is onweerstaanbaar, juis omdat dit die weerstand teen *Sy heilsaanbod vernietig*. Godgesentreerdheid wil aan Christus, die Gekruisigde, al die eer gee wat Hom toekom.

~ Nooit kan ons die kruis na waarde skat as ons dit nie in samehang sien met dit wat ons in die vorige hoofstukke behandel het nie. Die kruis is die hart van die evangelie - met die mens se *radikale verdorwenheid* en *God se soewereine uitverkiesing* aan die een kant, en *effektiewe roeping* en *die volharding van die heiliges* aan die ander kant. Die volle betekenis van die kruis kristalliseer gevolglik eers werklik uit as Christus se versoeningswerk in terme van hierdie vier waarhede gedefinieer word: *Christus het gesterf om 'n spesifieke skare hulpelose sondaars te red - mense op wie God voor die grondlegging van die aarde Sy hart gesit het; en Sy dood het hulle roeping en bewaring verseker.*

---

presies is wat die apostels en die Here Jesus Christus gepreek het. Ten spyte van hierdie Bybelse en historiese getuienis is mensgesentreerdheid vandag oraloor aan die orde van die dag - selfs in kerke waarvan die belydenisskrifte uitdruklik Godgesentreerd is.





• As die mensgesentreerde sê dat God *gelowiges* uitkies, dat Christus vir *alle mense* gesterf het, en dat die Gees diegene lewend maak wat die evangelie *aanneem*, sê hulle effektief dat God niemand in die absolute sin van die woord red nie. Want in die finale analise red die mens homself deur die regte keuse te maak. Eintlik kom dit daarop neer dat God niemand régtig uitverkies het nie, dat Christus nie régtig plaasvervangend vir iemand gesterf het nie, dat die Heilige Gees niemand régtig lewend maak nie (want as iemand dan nog bekwaam is om sulke verantwoordelike keuses te maak, was hy mos nie regtig dood nie).

~ Hierin lê die groot probleem met mensgesentreerdheid: dit doen tragiese afbreuk aan die heerlikheid en grootsheid en wonder van God se reddende liefdesgenade in Christus. In plaas van die uitdruklike Bybelse beginsel, "nie uit die werke, sodat geen mens mag *roem nie*", predik dit 'n uiters gevaarlike boodskap van effektiewe selfverlossing. As Paulus vir mense wat hulle in navolging van die Judaïste[18] laat besny, skryf dat Christus *vir hulle geen betekenis het nie, en dat hulle* hul band in die proses met Hom verbreek het, en die genade van God verbeur het (Gl 5:2-4), wat moet mens van Arminianisme sê?

~ Die hedendaagse Christen is gekondisioneer om aan die kruis te dink as 'n verlossing wat nie regtig verlos nie (dis nou as hy hoegenaamd daaroor dink). Die algemene persepsie van ons dag is dat God se liefde 'n impotente gevoel van jammerte is wat mense nie sonder húlle hulp uit die verdoemenis kan hou nie. Vir die meeste kontemporêre gelowiges is God se vergiffenis niks meer nie as Sy *oorsien* van sondaars, omdat hulle Sy aanbod nie verwerp nie.

Hy laat ons egter nie net wegkom sonder straf vir ons sonde nie; Hy het alles gedoen, sodat ons wetlik in Sy boeke die status kan hê van mense wat nie alleen nooit gesondig het nie, maar wat ook Sy wet volmaak onderhou het. Verlossing van sondaars geskied in absolute juridiese integriteit en geregtigheid.

---

18. Hulle was dwaalleraars in die vroeë kerk wat gepreek het dat mens wel in Christus moet glo om gered te word, maar dat jy daarbenewens ook nog die seremoniële wette, veral die besnydenis, moet onderhou - as verdere en noodsaaklike grond van redding.

• Mensgesentreerdheid vernietig effektief die fondament van Christelike geloofsekerheid. Want die diepste grond vir my salige hoop word nie gesien in wat Christus vir my gedoen het nie, maar in wat ek vir myself doen. En wie ken nie sy eie onbetroubaarheid nie?

• Dit word algemeen aanvaar dat mensgesentreerdheid die uitvloeisel is van 'n natuurlike, onbevooroordeelde lees van die Bybel. Dit word voorts aanvaar dat dit wat in hierdie notas as Bybelse waarheid voorgehou word, berus op die forsering van 'n klomp Skrifuitsprake in 'n dogmatiese denksisteem in.

Die teendeel is waar!

~ Sekerlik is mensgesentreerdheid *natuurlik*, en wel in die sin dat dit 'n tipiese rasionalisering is van Nuwe Testamentiese geheimenisse wat nie deur die natuurlike mens verstaan kan word nie (1Kor 2:6-16, veral v. 14)[19]. En in elk geval kan die natuurlike mens nie aanvaar dat hy nie self die lot van sy siel bepaal nie. Dit is waarom mensgesentreerdheid deur die eeue weer en weer kop uitgesteek het.

~ In 'n ander sin is mensgesentreerdheid alles behalwe natuurlik. Dis Godgesentreerdheid wat gewoon sê wat die Skrif onontkombaar leer - niks meer nie, niks minder nie. Dit maak erns met die onontkombare Skrifuitsprake dat dit God is wat red; dat Hy diegene red wat Hy verkies het; dat Hy in genade red, sonder enige menslike verdienste; dat Hy Christus as 'n volmaakte en allesomvattende Plaasvervanger gegee het; en dat alle verlossing vanuit die kruis vloei. Hierdie dinge word immers oor en oor, en in die allerduidelikste taal, in die Skrif geleer.

Dis wat 'n Godgesentreerde bely - net soos dit is, sonder blik of bloos, gelowig. Hy staan daarop dat geloof dit kan waag om Jesus Christus se uitroep aan die kruis - "dit is volbring!" - in die diepste en volste sin van die woord te verstaan.

---

19. Hiermee word nie bedoel dat geen mensgesentreerde gered is nie - natuurlik nie! Dis egter 'n feit dat die deurnee Christen skandelik lui is om oor sy geloof te dink. Daarbenewens verval baie, wanneer hulle vanuit 'n dooie ortodoksie tot bekering kom, in 'n emosionele oorreaksie teen alles wat hulle daarmee assosieer. Die gevolg is dat hulle blind is vir die wonderlike waarhede van hulle erfenis.





Die Godgesentreerde bely dus voor mense presies wat hy in sy hart glo as Hy in gebed voor God buig. Want watter bidder - as hy byvoorbeeld vir 'n ongeredde dierbare bid - bely nie weer en weer in sy afhanklikheid dat nét God so 'n persoon kan red nie?

• Dis waarom die ware Godgesentreerde, die persoon wat God se vrye genade in Christus nie net begryp nie, maar ook proefondervindelik ondervind, baie ongemaklik voel oor etikette soos *Calvinisme* om na die Godgesentreerde verlossingsleer te verwys.[20] Dit suggereer immers dat dit net nóg een van 'n aantal alternatiewe teologieë is - terwyl hy met sy hele hart weet dat dit en dit alleen die Bybelse waarheidsevangelie is.

Hierbenewens moet mens aanvaar dat Calvyn self uiters ontsteld sou wees oor die gebruik van die begrip, Calvinisme. Hy was 'n besondere godvrugtige en waarlik nederige man, wat daarop aangedring het om in 'n ongemerkte graf begrawe te word - juis omdat hy so ver moontlik wou wegstuur van enige Calvyn-verering na sy dood.[21]

---

20. Die Bybelse waarheid, soos in hierdie notas uiteengesit, is ook deur Calvyn (1509-1564) geleer en staan algemeen bekend as die Calvinistiese verlossingsleer - hoewel hy nie die eerste was wat dit geformuleer het nie. Reeds 'n man soos Augustinus (354-430) het dit in sy stryd teen Pelagius duidelik verstaan.

Hierdie waarhede word ook deur die Dordtse Leerreëls uiteengesit (geformuleer deur die 1618 Sinode van Dordt in Holland) - wat deel is van die *drie formuliere van enigheid*, belydenisgrondslag van onder meer die gereformeerde kerke onder die Afrikaners.

21. Laat daar geen twyfel oor wees nie, die skrywer van hierdie notas is skaamteloos en deur en deur 'n Calvinis in die klassieke sin van die woord - in elk geval wat sy oortuigings oor verlossing betref. Maar, afgesien van bogenoemde besware, vermy hy liewers die begrip, omdat dit vandag - en onder die Afrikaners dalk meer as in die meeste kringe - belaai geraak het met allerlei verdere teologiese en filosofiese vergroeisels waarmee hy nie vrede het nie. Die gevolg is dat dit vandag vir die meeste gelowiges (en ongelowiges) 'n negatiewe konnotasie het, en dat mens gewoonlik verkeerd verstaan word as jy die begrip gebruik.

Nogtans is ek dit hartlik eens met Charles Haddon Spurgeon, die groot negentiende eeuse prediker en gereformeerde Baptis, wat dit só gestel het: "The old truth that Calvin preached, that Augustine preached, that Paul preached, is the truth that I must preach today, or else be false to my conscience and my God. I cannot shape the truth. I know of no such thing as paring off the rough edges of a doctrine. John Knox's gospel is my gospel. That which thundered through Scotland must thunder through England again."

Die befaamde Amerikaanse teoloog, B. B. Warfield (1851-1921), definieer 'n ware

## DIE EFFEKTE VAN 'N GODGESENTREERDE TEOLOGIE IN MENSE SE LEWENS

❑ Leer bepaal lewe; oortuigings bepaal praktyk. Daarom kan ons aanvaar dat 'n Godgesentreerde teologie bepaalde vrug in die praktyk sal oplewer - en inderdaad.

Hierdie effekte is nie akademies en denkbeeldig nie; dis ingrypend en lewensveranderend.

Die gelowige wat die waarhede van God se soewereiniteit en uitverkiesende genade omhels en hom voorneem om die implikasies daarvan uit te leef, sal nooit weer dieselfde wees nie.

Die gemeente waarvan *dit waar is*, verander totaal en wonderlik ten goede.[22]

❑ Dit bring *'n diep dankbaarheid en blydskap in die Here.* Anders as wat baie meen, gaan diep emosies met hierdie waarhede gepaard. Maar dis nie emosies sonder meer nie; dis veranker in die waarheid en het gevolglik inhoud. Baie, as hulle aan Fil 4:4 dink, dink bloot aan blydskap sonder meer - maar dis blydskap "in die Here".

❑ Dit bring *'n diep nederigheid voor die Here.* Paulus se woorde in 1Kor 4:7 is 'n deurleefde werklikheid: "Wie maak jou so belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie?"

---

Calvinis, in die klassieke sin van die woord, só: "The Calvinist is the man who has seen God, and who, having seen God in His glory, is filled on the one hand with a sense of his *own unworthiness to stand in God's sight as a creature, and much more as a sinner,* and on the other hand, with adoring wonder that nevertheless this God is a God who receives sinners. He who believes in God without reserve and is determined that God shall be God to him in all his thinking, feeling and willing - in the entire compass of his life activities, intellectual, moral and spiritual - throughout all his individual social and religious relations, is, by force of that strictest of all logic which presides over the outworking of principles into thought and life, by the very necessity of the case, a Calvinist."

22. Ek kan persoonlik hiervan getuig. Naas my en my vrou se aanvanklike bekering, het niks in ons lewens 'n groter impak gemaak as die ontdekking van hierdie waarhede nie - ongelukkig eers jare later.

En die gemeente waarvan ek deel is, sê male sonder tal vir mekaar dat hulle die Here ewig dankbaar is dat Hy hierdie waarhede op die tafels van hulle harte geskryf het.





❑ Dit bring *'n diep geloofsekerheid en vrymoedigheid voor die Here.* Dis gewortel in verse soos Lk 12:32: "Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee." As in gebed tot die genadetroon gegaan word, leef Jh 10:27-30, Rm 8:28-39 en talle ander beloftes diep in die hart.

❑ Dit bring *'n lewenstabiliteit, 'n innerlike gevestigheid, en 'n oortuigingsvastigheid* wat kosbaarder is as al die goud in die wêreld. Mense in wie se harte hierdie waarhede leef, verstaan die wêreld om hulle en kan een en elkeen vierkantig in die oë kyk. Hulle weet wat hulle glo, hulle is veranker, hulle word nie sommer omgestoot nie, hulle word nie deur elke golf van lering geskud nie - en hulle maak uitstekende martelare!

❑ Dit bring *'n besondere gespierdheid in die stryd teen sonde.* 1Kor 6:17-20 is 'n toenemende realiteit: "Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom ... Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."

❑ Dit bied *kosbare troos tydens beproewinge.* Romeine 8:28, Hb 12:4-12; 13:5b en talle ander Skrifgedeeltes stut 'n Godgesentreerde gelowige steeds onwankelbaar nadat alle menslike hulpmiddels daarmee heen is. Sal die Almagtige, wat my voor die grondlegging van die aarde uitverkies het en Sy Seun Sy lewe vir my laat neergelê het, my nóú laat los? 1Kor 10:13 staan immers swart op wit geskryf: "Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan."

❑ Dit bring *ywer, koersvastheid, vasberadenheid en volharding in dienswerk* mee. 1 Kor 15:58 word 'n werklikheid: "Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."

❑ Dit alles bewerkstellig *'n waardigheid, 'n nugterheid, 'n volwassenheid, 'n betroubaarheid en 'n stabiliteit wat respek in die samelewing afdwing*, en sodoende die Here se naam verheerlik, Sy evangelie versier, en agting vir Sy gemeente vestig.

❦

**Onderstaande vrae (en talle meer) word Bybels-verantwoordelik en in pas met die regsinnige, Godgesentreerde en historiese Christelike geloof beantwoord.**

- SONDE : Wat is dit en wat is dit nie? Wat behels dit alles? Waar kom dit vandaan? Wat is die implikasies?
- UITVERKIESING : Is dit Bybels? Wat is dit en wat is dit nie? Is ek verantwoordelik en toerekeningsvatbaar? Het ek 'n vrye wil? Presies hoe steek die vurk in die hef?
- JESUS SE KRUISIGING : Wat het presies op Golgota gebeur? Hoe effektief was dit? As Jesus vir almal gesterf het, waarom gaan sommige nog verlore?
- LEWENDMAKENDE ROEPING : Wat is dit? Hoe gebeur dit? Kan ek dit weerstaan? Wat is die gevolge? Wat is die wedergeboorte? Hoe herken ek dit?
- VOLHARDING : Is "eenmaal gered, altyd gered" Bybels? Sal `n Christen wat in `n teruggeglyde toestand sterf, gered word? Is daar iets soos `n sonde wat nie vergewe kan word nie? Wat is die volharding van die heiliges dan?

## Iets oor die skrywer

Nico van der Walt kwalifiseer as Siviele Ingenieur aan die Universiteit van Stellenbosch en is daarna betrokke by etlike groot projekte [onder meer die Bolandprojek, die Oranjerivierprojek en die Kuneneprojek].

Dan kom hy op agt-en-twintig tot lewensveranderende bekering.

Uiteindelik voltooi hy sy teologiese studie aan die PU vir CHO. Sedert 1983 is hy voltyds besig met pastorale en lerende bediening.

Na jare in die Vaaldriehoek is hy die afgelope sewe jaar predikant van die Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente in Pretoria.

Hy onderskryf die histories-gerespekteerde en internasionaal-erkende 1689 Baptistebelydenis, asook die belydenis en verklaring van waardes van Sola 5 - 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gemeentes en gelowiges in Suidelike-Afrika. Hierbenewens is hy 'n aktiewe lid van die Spurgeon Fraternal, 'n landwye broederkring van reformatoriese oortuiging.

Vir meer as 'n dekade is hy al 'n vaste dosent by die Lynnwoodrif Bybelskool in Pretoria. Hy is ook skrywer van die Antipas Herout/Herald, 'n gereelde studiestuk oor belangrike Bybelse temas wat gratis baie wyd en op 'n baie groot skaal versprei word. Les bes word die geskrewe teks van sy preke weekliks na ongeveer 'n duisend adresse regoor die wêreld ge-epos.

Hy is getroud met Soniah. Hulle het 4 volwasse dogters en 3 kleinkinders.

## Kontakbesonderhede

Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente
Posbus 12371, Queenswood, 0121
Tel. (012) 329 3012; 082 7766 141
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za